**28 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE HOSEA 4 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE HOSEA 4:1-3**

## Gebreklike godsdiens?

Net soos jy nie altyd ‘n liggaamsgebrek kan wegsteek nie, kan jy ook nie ‘n gebreklike godsdiens wegsteek nie. Godsdienstige gebreke word sigbaar in ongehoorsaamheid. Vers 2 noem openlike oortredings van die derde, negende, agtste en sewende gebod. Israel het hierdie gebooie aanhoudend oortree. Eintlik het hulle ongehoorsaamheid toegeneem.

Waar het die groot probleem gelê? Die Here lê sy vinger op die seerplek: “…omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie” (vs. 1). *Trou* beteken opregtheid en eerlikheid. *Liefde* is toegeneëntheid teenoor of opregte belangstelling in mekaar. Wanneer hierdie twee sake ontbreek, word die lewe gevaarlik. Jy moet gedurig oor jou skouer kyk of iemand nie besig in om jou in die rug te steek nie.

Die derde saak, naamlik *kennis van God*, is die eintlike wortel van die probleem! Hierdie kennis beteken nie net dat jy van Hom weet nie, maar dat jy in ‘n lewende en persoonlike verhouding met Hom lewe. Jy luister na sy Woord en doen wat Hy beveel. Jy lê jou geheel en al daarop toe om te alle tye en onder alle omstandighede te doen wat Hy wil.

Sonder trou, liefde en kennis van God is jou godsdiens gebreklik. Jesus het die ergste angs en benoudheid aan die kruis deurstaan, om ons van só ‘n gebreklike godsdiens te verlos. Na sy hemelvaart het Hy die Heilige Gees gegee om ons te leer en te herinner aan alles wat Hy vir ons gesê het (Joh. 14:26). Die Heilige Gees gee aan jou al die krag wat jy nodig het, sodat jou godsdiens nie gebreklik sal wees nie. Gebruik vandag voluit om teen elke gebrek in jou lewe te stry!

*Sing: Psalm 103:9 (1936-beryming)* *Ds Abraham Krüger (Boksburg-Suid)*